http://lexikos.journals.ac.za



**Pharos**. *Pharos Woordeboeke / Dictionaries 5 in 1: 5 ten volle geïntegreerde woordeboeke / Fully Integrated Dictionaries.* Afrikaans-Engels / English-Afrikaans *1. Groot Woordeboek / Major Dictionary 2. Tweetalige Frasewoordeboek / Bilingual Phrase Dictionary 3. Nuwe Woorde / New Words* Afrikaans *4. Verklarende Afrikaanse Woordeboek 5. Groot Tesourus van Afrikaans.* 2000. Pharos and Logos Information Systems. Prys R299.

In 2000 het 'n produk van Pharos verskyn wat die landskap van veral die Afrikaanse leksikografie ingrypend verander het. *Pharos Woordeboeke/Dictionaries 5 in 1* (voortaan Pharos 5 in 1) bied vir die eerste maal 'n geïntegreerde digitale biblioteek van woordeboeke met Afrikaans as behandelde taal wat ook kan inskakel by 'n groter digitale biblioteek op die Logos-platform. Vir die eerste keer word daar vir die gebruiker 'n kommersieel suksesvolle vertalende woordeboek met Afrikaans en Engels as behandelde taalpaar op CD-ROM gebied, nl. *Groot Woordeboek/Major Dictionary* met Pharos se *Nuwe Woorde/New Words* en *Tweetalige Frasewoordeboek/Bilingual Phrase Dictionary* ter ondersteuning. Die Afrikaanse verklarende leksikografie baat ook met aanvulling vir die ELHAT wat kom in die vorm van *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*. Laastens word die *Groot Tesourus van Afrikaans* ter afronding van die biblioteek beskikbaar gestel.

In hierdie resensie sal daar nie gefokus word op die meriete van die individuele woordeboeke nie, aangesien hulle bloot rekenaarmatige aanpassings van reeds bestaande gedrukte woordeboeke is. Die klem sal dus eerder val op die elemente van die toegangstrukture wat by die soektogte op die interne en eksterne soekroetes hulp bied en die aktiewe kruisverwysings wat as deel van die mediostruktuur die woordeboeke se toeganklikheid en dus die gebruikersvriendelikheid daarvan verbeter.

## Soektogte

Soektogte in individuele woordeboeke of oorkoepelende soektogte is moontlik by hierdie produk en word gefasiliteer deur 'n kragtige soekenjin wat deel is van die gekose platform, *Logos Library System*. Hierdie soekenjin kan veral op twee punte beoordeel word, nl. die toeganklikheid daarvan en die effektiwiteit van die soektogte wat dit toelaat.

## Toeganklikheid van die soekenjin

Die *Logos Library System* bied 'n goed afgeronde en aanpasbare soekenjin wat vir eenvoudige tot komplekse soektogte voorsiening maak. Dit is egter juis vanweë hierdie kompleksiteit wat beskikbaar is, dat die soekenjin nie so toeganklik is as byvoorbeeld die aangepaste soekvorms wat beskikbaar is by die ELHAT nie. Die suksesvolle ontsluiting en benutting van Pharos 5 in 1 se soekvorms verg 'n gedetailleerde studie van die gebruikersgids.

*Lexikos* 11 (AFRILEX-reeks/series 11: 2001): 324-327

http://lexikos.journals.ac.za



Die gebruikersgids is egter op sigself vir die meeste gebruikers 'n intimiderende dokument wat byvoorbeeld moeilik deursoekbaar is en slegs op die CD-ROM beskikbaar is en nie ook as 'n gedrukte handleiding nie. Verder is die gebruikersadressering daarvan ook vreemd. Aangesien Afrikaanssprekendes een van die primêre teikengebruikersgroepe van Pharos 5 in 1 is, sou 'n mens met reg kon verwag dat die gebruikersgids ook in Afrikaans beskikbaar sou wees. Dit is egter nie die geval nie. Daar word tog voorsiening gemaak vir die behoeftes van Afrikaanssprekendes deur middel van 'n verkorte gebruikersgids getiteld *Quickstart/Wegspring 1-2-3!* wat die basiese soekfunksies vir die Afrikaanssprekende verduidelik, vrae antisipeer en beantwoord en die ikone verklaar, maar vir die meer gespesialiseerde gebruiker is die dokument nie gedetailleerd genoeg nie. Verder is geen van die ikoontitels, kieslysitems of ander bevele op die soekvorms of kieslyste in Afrikaans beskikbaar nie. Hierdie gebruikersadressering benadeel die toeganklikheid van die produk.

Hierdie stand van sake is egter toe te skryf aan die gebruikersadressering van die *Logos Library System* en nie aan die samestellers nie. Met die volgende weergawe van Pharos 5 in 1 sal hierdie probleem hopelik opgelos word, aangesien 'n nuwe weergawe van *Logos Library System* dan dalk beskikbaar sal wees.

Een groot voordeel van *Logos Library System* is dat toegang tot soekvorms deur middel van 'n regsklik verkry kan word. 'n Kieslys word dan opgeroep waarop elemente van die eksterne sneltoegangstruktuur toegang bied tot 'n snelsoektog vir 'n ingekleurde woord of frase ("speed search"), of 'n soektog na die betrokke woord as lemma ("topic search"). Hierdie opsie versnel die soektogte van die gebruiker en verhoog dus die toeganklikheid van die produk aansienlik.

## Effektiwiteit van die soekenjin

Hoewel die toeganklikheid van die soekenjin aandag verg, is dit tog 'n uiters effektiewe medium om veral komplekse soektogte, insluitende Boolese en "wildcard"-soektogte, uit te voer. Buiten die snelsoektogte wat deur middel van 'n regsklik geaktiveer word, bied Pharos 5 in 1 drie hoofsoekroetes. Eerstens kan elke "boek" afsonderlik oopgemaak word. Daar kan dan op- en afgerol word met behulp van die ingeboude rolstaaf. Hierdie metode is die naaste wat die produk kom aan 'n tradisionele naslaanervaring.

Tweedens het gebruikers die keuse om aan die linkerkant van die skerm 'n venster bekend as die "Library Browser" op te stel waarin hulle deur die afsonderlike woordeboeke se lemmalyste kan snuffel deur gebruik te maak van oopvoubare diagramme met die afsonderlike lemmas as eindkomponente. 'n Klik op die gekose lemma sal die gebruiker neem na die relevante stuk teks in die regtervenster. In Pharos 5 in 1 is verkies om soekresultate te skakel met die sentrale teks van die aktiewe woordeboek eerder as om slegs 'n lemma en die meegaande mikrostrukturele bewerking in die regtervenster op te roep soos byvoorbeeld die geval is in die *Microsoft Encarta World English Dictionary*. 'n

http://lexikos.journals.ac.za



Volteksaanbieding is makliker om te implementeer en bied meesal 'n bevredigende naslaanervaring, maar dit kan die gebruiker se taak bemoeilik indien individuele lemmas uitgedruk of gekopieer moet word. Deeglike empiriese navorsing is nog in Suid-Afrika nodig om vas te stel wat verskillende gebruikersgroepe se voorkeure in dié verband is.

Die eerste twee soekroetes bied die gebruiker die meer tradisionele, stadiger, dog eenvoudiger soekroetes, maar die werklike innoverende waarde van 'n CD-ROM-woordeboek lê in die spesiaal ontwerpte soekvorms. By Pharos 5 in 1 het die gebruiker 'n keuse tussen 'n basiese soekvorm en 'n gevorderde soekvorm. Op die basiese soekvorm kan 'n leksikale item of frase as soekterm ingetik word, waarna die opsies uitgeoefen word om die optrede daarvan as lemma of bloot in die hele teks na te spoor en of al die woordeboeke of slegs een deurgesoek moet word. Hierdie vorm is op standaard met die meeste elektroniese woordeboeke en bied die gebruiker vinnige toegang tot die soekresultate wat dan diagrammaties aangebied word in 'n verdere venster. Van hier af kan individuele resultate vinnig en sonder moeite ontsluit word met 'n linksklik. Die leksikale item of frase waarvoor die soektog geloods is, sal dan in blou teks óf as lemma óf binne die mikrostruktuur (afhangende van die parameters van die soektog) in die sentrale teks van die aktiewe woordeboek verskyn.

Met 'n linksklik op die "more"-ikon kan die gebruiker 'n deurgang kry tot 'n gevorderde soekvorm. Aanvanklik bied hierdie soekvorm 'n aantal ekstra soekopsies (bv. "show all wildcard matches", "search across languages" en "show books' hits in context") en sekere operatore vir "wildcard"-soektogte. Binne in die soekvorm is daar egter ook twee kleiner, alternatiewe soekvorms wat met 'n linksklik opgeroep kan word. In die eerste word 'n volledige woordelys gegee in 'n venstertjie links en vormlik soortgelyke woorde regs. In die tweede word die komplekse Boolese operatore in een venster en 'n inleiding oor Boolese soektogte tesame met 'n verklaring van die funksies van elke operator in die ander venster gebied.

Die gevorderde soekvorm is 'n goed ontwerpte, funksionele werktuig, maar daar is tog 'n tekortkoming (bo en behalwe die feit dat dit slegs in Engels verskyn) wat uitgewys kan word. In vergelyking met ELHAT bied die soekvorms van Pharos 5 in 1 geen soektogte binne vooraf vasgestelde soekvelde in spesifieke woordeboeke nie. Hier moet in gedagte gehou word dat ELHAT se soekvorms spesifiek vir daardie enkele woordeboek ontwerp is, terwyl Pharos 5 in 1 se soekvorms deel is van die *Logos Library Browser*. Die produk se gebruikersvriendelikheid sal heelwat verbeter word indien sekere soekvorms vir spesifieke woordeboeke, veral vir die *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*, ontwerp kan word, aangesien daar tans 'n komplekse prosedure met "wildcard"-operatore gevolg moet word om soektogte binne soekvelde uit te voer.

## Aktiewe kruisverwysings

Pharos 5 in 1 maak deurgaans gebruik van aktiewe struktuurmerkers wat as kruisverwysings optree. Die prominentste van hierdie merkers is die teksinter-

http://lexikos.journals.ac.za



ne, artikeleksterne aktiewe kruisverwysings wat in rooi letters onderstreep aangebied word en meesal as wisselvorm- of sinoniemverwysings dien. Hierdie verwysings bied uitstekend onmiddellike toegang tot verwyderde informasie. Ook die tekseksterne kruisverwysings word baie goed aangebied. Sommige afkortings, veral die redaksionele afkortings, word in die sentrale teks in groen aangebied. 'n Linksklik roep dan 'n klein ingevoegde teksie op waarin die leksikale item waarvoor die afkorting staan, vermeld word. Hierdie vernuwing verbeter die gebruikersvriendelikheid van Pharos 5 in 1 aansienlik.

## Slot

Pharos 5 in 1 is 'n bevredigende produk wat toegevoegde waarde vir die gebruiker bied, vernaamlik met behulp van 'n goeie platform met 'n kragtige, effektiewe soekenjin. Met so 'n stewige basis om op te bou, kan toekomstige uitgawes van Pharos 5 in 1 met kleinere aanpassings hierdie produk vestig op die voorfront van die elektroniese leksikografie.

Phillip Louw
Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal
Stellenbosch
Republiek van Suid-Afrika
*(pal@maties.sun.ac.za)*